

EERSTE VIR EIENDOM
TEL. 97-8711
BELLVILLE
TRANSKANDIA

DIE BURGER

KAAPSTAD, SATERDAG, 26 FEBRUARIE 1972. SEWE-EN-VYFTIGSTE JAARGANG. PRYS VYF SENT.

LAASTE UITGAWE

KOPSTUKKE
100% POLIËSTER-KUSSINGS
STUTTAFORDS

# POLISIE VANG MEER AS 1000 OP PAAIE

Deur HARRY SHAW

MEER as duisend motorryers is gisteraand in die Skiereiland in 'n blitsveldtog teen padoortreders deur polisie- en verkeersmanne voorgekeer en aangeskryf. Dit is die grootste veldtog in sy soort wat nog in die Skiereiland gehou is.

In drie van die vier polisiedistrikte in die Skiereiland — Kaapstad, Wynberg en Athlone — alleen is altesame 1 060 eienaars van motorvoertuie wat op die pad oortree het of in defekte motors gery het, aangeskryf. In Bellville se polisiedistrik is, volgens 'n polisiewoordvoerder, meer as duisend motorryers voorgekeer, hoewel „slegs enkele honderde" aangeskryf is.

Benewens die padoortreders het die polisie in die

# 50 Jaar gelede | 26 Februarie 1972

**Polisie vang meer as 1 000 op paaie:** Meer as 1 000 motorryers is gisteraand in die Skiereiland in 'n blitsveldtog teen padoortreders deur polisie- en verkeersmanne voorgekeer en aangeskryf. Dit is die grootste veldtog in sy soort wat nog in die Skiereiland gehou is.

**Deon (4) val ver, maar skrik net:** "Net 'n wonderwerk van Bo het my seuntjie gered!" Só het 'n jong moeder gister uitgeroep nadat dokters by die Karl Bremer-Hospitaal haar meegedeel het dat haar vierjarige seuntjie, Deon Taljaard, geen beserings oorgehou het ná 'n val van meer as twee verdiepings van 'n muurtjie tussen die tweede en derde verdiepings van die woonstelgebou waar hulle bly nie.

**Beloftes maak skuld:** 'n Man wat in 1970 beloof het om van sy vrou te skei en met 'n ander vrou te trou as sy hom R5 000 gee, en toe nie sy belofte nagekom het nie, is gister in die Kaapse Hooggeregshof beveel om die geld met rente (R6 596,35) aan die vrou terug te betaal.

**Hawe lyk soos hippieland:** In die Tafelbaaise hawe het dit gisteroggend soos hippieland gelyk toe Suid-Afrika se twaalfde Antarktiese span op die *R.S.A.* daar aangekom het… Elke spanlid het met 'n welige bos hare en 'n baard gespog en die verwelkomende familie en vriende moes mooi kyk om Pa of Ouboet te herken.

**Ulster-Minister geskiet:** Mnr. John Taylor, Noord-Ierland se minister van binnelandse sake, is gistermiddag in Armagh, Noord-Ierland, deur twee sluipskutters van die Ierse Republikeinse Leër (I.R.A.) verskeie kere in die kop en bors geskiet. Hy is in 'n bedenklike toestand.

**SA Ope kry meer prysgeld:** Die prysgeld vir die Suid-Afrikaanse ope tennistoernooi op Ellispark van 29 Maart tot 8 April is van R35 800 tot R38 000 verhoog. Minstens 120 buitelandse spelers, van wie 90 vroue is, sal aan die toernooi deelneem.

**Persoonlik:** Oud-regter Leslie Blackwell van Constantia is môre 87. Hy verkeer nog in uitstekende gesondheid, hoewel sy oë nie meer van die beste is nie.

**Advertensie:** Pick n Pay: Koffiehuis (500 g) – 39½c; Right Guard-reukweerder (137 g) – 62½c.